### *Die wonderbron*

**170** **Ek** sê: "Het julle daar goed op gelet dat niemand sien dat ons hierdie berg opgaan en hier gaan sit nie?"

[2] **Die leerlinge** sê: "Meester, ons het gedurende die hele ruim twee uur lange tog geen mens gesien nie, maar daarom wil ons nie beweer dat niemand ons sou gesien het nie!"

[3] **Ek** sê: "Maar die vrou het ons gesien en ontdek dat ons hier uitrus en dit is voldoende vir duisende om môre na hierdie heuwel te kom!"

[4] **Die leerlinge** sê: "Meester, ons is nog nie so moeg nie, laat ons daarom na middernag hierdie berg verlaat en êrens anders heengaan, waar die steeds so hinderlike volk ons nie kan vind nie. Dan kan ons op die manier `n paar dae uitrus!"

[5] **Ek** sê: "Laat ons tog maar hier bly! Want dit is die wil van die Vader dat Ek hier allerlei gebrekkige mense genees van hul liggaamlike kwale. Daarom sal Ek drie volle dae op hierdie berg bly. Môre-oggend kan julle daarop uitgaan en vir ons vir die drie voorbehoude dae voldoende brood haal!"

[6] **Judas Iskariot** sê: "Dan sal ons ver moet loop, want dit lyk verlate, en binne drie tot vier uur gaan ons nêrens `n plek met `n bakkery vind nie!"

[7] **Petrus** sê: "Daar sal ek wel voor sorg, want aan die oewer van hierdie see is geen plek vir my onbekend nie, en ek weet waar jy kan brood kry. Hoogstens twee uur om soontoe te gaan, en net so lank terug!"

[8] **Ek** sê: "Goed, Simon Juda, sorg jy daarvoor! Wys maar self aan wie met jou moet saamgaan!"

[9] **Petrus** sê: "Meester, ons is met een man na op twintig, as daar tien met my saamgaan, dan bring ons meer as voldoende brood en ook gebraaide visse vir drie dae."

[10] **Ek** sê: "Dit is goed so; maar laat ons nou gaan rus!"

[11] Daarop soek elkeen vir hom `n plekkie, wat vir hom die maklikste lyk om te rus en so word dit weldra stil op die berg. Al die leerlinge sluimer gou in, slegs Ek bly wakker en slaap `n bietjie voor die oggend. Toe Ek met sonsopgang ontwaak, was Petrus al terug met `n hoeveelheid brood. Hy het drie uur voor sonop al die berg afgegaan, en het benede aan die oewer van die see `n skip gevind wat met brood gelaai is, wat uit Magdala afkomstig was en na Jesaira koers wou vat. Petrus het byna `n kwart van die lading van die skip gekoop, en Matthéüs, die jong tollenaar, het alles betaal. Tewens het die skip ook goeie, vars gebakte visse vervoer, waarvan die brawe Petrus `n hele kis vol gekoop het, wat Matthéüs ook betaal het. Die bergtop was nou met dit alles voorsien, maar daar was één ding kort en dit was `n goeie bron. Op die hele berg, wat taamlik uitgestrek was, was geen druppel water te vinde nie, en die geringe wynvoorraad was nouliks voldoende vir `n halwe dag.

[12] Toe kom **Petrus en My Johannes** na My toe en sê beide: "Meester, U is méér as Moses! As U aan hierdie mooie wit rotsblok sou sê dat dit water moes gee, dan sou die suiwerste water beslis dadelik daaruit opwel!"

[13] **Ek** sê: "As julle beide voldoende geloof het, lê dan julle hande op die rots en beveel hom in My Naam om water te gee, en op die plek wat julle met julle hande aangeraak het, sal daar dadelik die beste, suiwerste en smaaklikste water te vinde wees!"

[14] Toe beide dit hoor, soek hulle dadelik `n geskikte plek op die rots, en lê hul hande daarop. Maar die rots gee geen water nie! Toe hulle ongeveer `n uur lank hul hande op die rots gehou het, begin dit te beweeg en verskuif weldra meer as tien treë van sy plek af. Die rotsblok het verskeie duisende jare gelede as meteoriet uit die hoogte daar neergeval, en het daardeur die enigste waterbron van hierdie berg sodanig versper dat daar geen druppel meer kon uitkom nie. Omdat nou, deur die verskuiwing, die rots van die ou plek weggeneem is, kom daar dadelik `n goeie en baie oorvloedige bron vorendag, in die vorm van `n ongeveer vyf voet diepe kom, wat - soos beskryf - etlike duisende jare gelede ontstaan het deur die impak van die rots.

[15] Op hierdie manier was hierdie berg nou ook vir altyd voorsien (en is dit nog tot op hierdie uur) van baie goeie water. Maar nóg Petrus nóg Johannes het verstaan hoe die rots deur net maar die oplê van hul hande, homself op die een of ander manier kon verplaas het. Later lê al die ander leerlinge ook hul hande op die rots om te sien of hy nog verder sou skuif. Maar hulle kon met die rots niks aanvang nie.

[16] Toe Petrus en Johannes hul hande egter weer op die rots lê, skuif dit dadelik weer verder. Daarop vra **die ander leerlinge** My: "Meester, waarom gebeur dit by ons nie?"

[17] **Ek** antwoord: "Omdat julle geloof so hier en daar nog ietwat hakerig is en die ware krag mis. Maar Ek sê vir julle: As julle regtig sou glo en nie sou twyfel aan wat julle wil kan laat gebeur nie, waarlik, dan sou julle julle hande op `n hele berg kon lê en hom beveel, en hy sou netsoos hierdie los swaar rots sy plek verlaat en hom êrens anders heen beweeg. Maar daarvoor is julle geloof nog veels te swak! Ja,

Ek sê vir julle nog meer! Sou julle egter `n onwankelbare geloof gehad het, dan sou julle vir die hoë berg, wat ons by Genésaret beklim het, van hier af kon sê: 'Verhef jou en val in die see!', en die berg sou hom verhef en in see geval het soos wat julle gesê en gewil het! Maar, wat julle nou nog nie kan nie, dit sal julle eendag tog kan! - Laat ons nou egter ons oggendbrood eet, want dan sal dit regtig nie so lank meer duur nie of ons sal byna platgedruk word deur die mensemassa! Lê die voorraad brood en visse neer op die rots wat julle hier weggeskuif het!"

[18] Ons eet toe ons oggendbrood, en nadat ons nog bietjie visse daarby geëet het, lê die leerlinge die nog behoorlike groot voorraad op die groot wit rots, waarna ons na die mooi omgewing kyk wat hom voor ons wyd na alle kante toe uitstrek. `n Mens kon vanaf hierdie berg in helder weerstoestande die oewer van die groot Middellandse See baie goed hier en daar sien, die torings van Sidon en Tirus en nog `n hele boel ander plekke. Kortom, die uitsig vanaf hierdie berg was pragtig en wedywer met verskeie baie hoëre berge, waarvoor `n mens dikwels `n volle dag nodig gehad het om dit te klim. Die totale hoogte bo die oppervlak van die see bedra volgens die mate van hierdie tyd ongeveer vierduisend voet. Die plato was so groot en ruim, dat `n mens `n behoorlike groot stad daar kon laat bou het, net die toegange was aan alle kante taamlik steil, en `n mens moes op verskeie plekke baie moeite doen om omhoog te kom. Op `n aantal plekke was hierdie berg selfs onbeklimbaar, maar van die kant waar ons hom beklim het, was hy taamlik goed beklimbaar. En uit daardie rigting hoor ons dan ook, nadat ons ongeveer `n uur die mooi uitsig ingeneem het, baie mensestemme, met daar tussendeur baie krete van pyn van jonk en oud en van manne en vroue.

### *Die wonder van die genesing op die berg*

**171** Toe **Judas Iskariot** dit hoor, hef hy sy hande ten hemele en sê: "Nee, nou word dit vir my ten laaste tog te veel! Daar kom nou weer nie honderde nie, maar duisende mense, en dit is natuurlik meer siekes as gesondes! Vaarwel, stille rus van hierdie berg! Dit sal wel weer `n gewoel en `n gedrang word, en van rus sal geen sprake meer kan wees nie!"

[2] **Ek** sê: "Waaroor maak jy jou nou bedruk oor? Na jou toe sal beslis geen mens kom nie, en die siekes sal jy hoef beter te maak nie. As jy vind dat dit by My te onrustig en te deurmekaar gaan, gaan dan na jou woonplek terug en gaan smous weer met jou potte op die markte! Solank jy by My wil bly, moet jy jou rig volgens My voorskrifte, want op My weë en paaie is Ek alleen Meester! Maar as Ek ooit na jou toe sal kom, en met jou sal saamgaan op jou weë en paaie, dan sal Ek my hou by jou voorskrifte, en jou aanvaar as meester van dit wat jy doen! Ek meen dat hier die omgekeerde egter wel die geval is?!"

[3] **Judas Iskariot** mompel binnesmonds: "Nou ja, nou ja, - ek hoef my mond maar te open en dan is dit al mis! Ek sal in die vervolg liewer so stom bly soos `n klip!"

[4] Toe sê die wyse **Nathaniël**: "Dit sal nou regtig verstandig van jou wees, iets wat ek altyd nog by jou gemis het. Ja, om te praat op die regte oomblik is `n goeie ding vir iemand wat iets te sê het en wat kán praat, maar vir `n dom mens is volmaakte swye nog baie beter!"

[5] Terwyl Nathaniël so nog `n paar wyse spreuke van Salomo by Judas Iskariot in herinnering bring, kom van verskillende kante van die bergplato groot groepe mense uit alle streke te voorskyn en bring lammes, blindes, stommes, alle soorte kreupeles en nog talle ander met allerlei siektes behep met hulle saam en lê al die lydendes, in totaal ongeveer vyfhonderd, in `n groot kring om My heen en ook aan My voete, en smeek My om hulle te genees. En kyk, **Ek** genees hulle met één enkele Woord en sê toe aan die geneesde mense: "Staan nou op en loop!" *(Matthéüs. 15:30)*

[6] Eerste merk die blindes dit, omdat hulle nou so goed en suiwer kan sien asof hulle pas gebore is. Dadelik daarna merk die stommes dit en gee op elke vraag `n antwoord. Toe probeer die lammes en kreupeles of hul verlamde, en vir `n deel totaal verdroogde ledemate, in orde was. En onder hulle was daar ook nie één wat kon sê: 'Ek is tog nie heeltemal geholpe nie!' So word ook alle ander siekes volledig gesond.

[7] Toe die volk sien dat die stommes praat, die blindes sien, die lammes vrolik loop en alle soorte kreupeles en ander siekes heeltemal gesond was, verwonder hulle hulle buitengewoon en begin die Elohim van Israel luid te bejubel. *(Matthéüs. 15:31)* En hulle bly toe tot aan die derde dag by My op die berg, hoewel hulle reeds op die tweede dag hul saamgeneemde mondvoorraad tot op die laaste broodkrummel opgeëet het.

[8] Tereg kan mens homself daarby afvra wat hierdie volksmassa gedurende die twee ander dae op die berg gedoen het. - In kort is die antwoord hierop dat al die duisende mense van beiderlei hulle deur My en die leerlinge laat onderrig het in My leer. Dit was egter merkwaardig dat onder die duisende daar nie één was wat kant gekies het vir die fariseërs en skrifgeleerdes nie. Daarenteen weet hulle nog `n aantal sterk staaltjies te vertel, wat hulle by verskillende geleenthede met die tempeldienaars beleef het. Maar ook het hulle maar al te dikwels die bitterste ervaringe met hulle gehad, waarby hulle hulself diep bekla het omdat hulle ooit met hierdie blinde yweraars in aanraking gekom het.